

VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM 2011

Mnr Le Roux Burrows

Voorsitter: Institusionele Forum

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31 (1) van Wet 101 van 1997), die Universiteitsraad van advies dien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die toepassing van die bepalings van hierdie wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF behels sowel vergaderings waar advies aan die Universiteitsraad oorweeg word as gespreksgeleenthede tussen die Uitvoerende Komitee van die IF en die Rektor en sy Bestuurspan. Die lede van die IF word in drie taakgroepe ingedeel, naamlik Diversiteit en Billikheid, Institusionele Beplanning en Institusionele Kultuur. Die taakgroepe word, wanneer nodig, aangevul deur ad hoc-groepe. Die taakgroepe het die bevoegdheid om sake wat aan hulle toegewys is, deeglik te ondersoek en dan by die IF daarvoor verslag te doen sodat die IF daarna weldeurdagte advies aan die Raad kan lewer.

SAMESTELLING

Die gewysigde Statuut van die Universiteit is op 31 Augustus 2011 deur die Minister van Hoër Onderwys aanvaar en in die Staatskoerant gepubliseer. 'n Eerste opvallende wysiging vir ons was aan die samestelling van die Institusionele Forum: vroeër was dit agt en twintig lede, sewe uit elk van vier sektors, naamlik beheer- en bestuur, personeel, studente en gemeenskap; tans is dit twee en dertig lede met agt uit elk van die vier sektors. Die manier waarop die lede vanuit elke sektor aangewys word, is ook effens gewysig. 'n Tweede opvallende wysiging vir ons tel onder dié aan die samestelling van die Universiteitsraad; hiervolgens kan die IF nou slegs lede as raadsverteenvoerder oorweeg as hulle tot nog toe nie bande met die universiteit gehad het nie. Dit bring mee dat die IF iemand vanuit hoogstens ses sulke persone moet aanwys.

WERKSAAMHEDE

Die IF voer sy gebruikelike pligte uit deur die Raad van advies oor beleidsdokumente te dien en kommentaar op die Universiteitsbestuur se toepassing van bogenoemde wet te lewer. Voorts het die IF besluit om nie meer net streng by sy wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede te hou nie, maar om ook op spesifieke sake, soos van tyd tot tyd bepaal, te fokus met die doel om proaktief advies aan die Raad te lewer vir oorweging en verdere ondersoek.

VOORGESTELDE BELEIDE

In die vorm van formele rapporte het die IF hoofsaaklik advies oor nuwe beleide gelewer. Universiteitsbeleide wat ter sprake gekom het, was die Beleid ten opsigte van Beurse en Lenings met Diskriminerende Kriteria; die MIV/vigs-beleid vir Studente en Personeel; en die Beleid vir die Opname en Monitering van Kringtelevisiebeelde.

HERAANSTELLING VAN DIE REKTOR: VERKORTE PROSEDURE

Die IF het, ooreenkomstig die US Reglement insake Prosedure by die Aanstelling van 'n Rektor en van Viserektore, per geslote stembrief gestem en akkoord gegaan met die aanstelling van prof HR Botman vir 'n volgende termyn.

AANSTELLING VAN DEKANE

Die IF het, ooreenkomstig die US Reglement insake die Aanstelling van Voltydse Dekane, verteenwoordigers aangewys om te dien in die keurkomitees vir die aanwysing van 'n Dekaan vir die Fakulteit Krygskunde, 'n Dekaan vir die Fakulteit Opvoedkunde en 'n Dekaan vir die Fakulteit Regsgeleerdheid.

IF-KOMMENTAAR OP BELEIDE EN FORMELE VERSOEKE

Die Institusionele Forum verwelkom die voorgestelde MIV/vigs-beleid en glo dat dit 'n betekenisvolle bydrae kan lewer om 'n omgewing te skep waarin mense wat met MIV/vigs lewe, vry is van stigma en diskriminasie. Die billike hantering van sulke persone beteken, onder meer, dat hulle geensins minder regte behoort te geniet as persone met vergelykbaar ernstige mediese toestande nie. Die IF erken voorts die belang van die arbeidsregtelike beginsel van billike tegemoetkoming van personeel.

Verder het die Institusionele Forum die Raad formeel versoek dat die Universiteitsbestuur aandag moet gee aan die ernstige probleem van drankmisbruik onder die studente van die US met spesifieke aandag aan die vraag: Waarvan is dit 'n simptoom?

Werksprosedures van die IF

Die IF het twee keer dié jaar sy eie werksprosedures hersien en die hersiening aan die Raad vir goedkeuring voorgelê. Die eerste was nodig om die werksprosedures in ooreenstemming te bring met die verminderde aantal IF-vergaderings per jaar. Die tweede hersiening was nodig ten einde die wysigings aan byvoorbeeld die samestelling, soos beskryf in die Universiteit se nuwe Statuut, te weerspieël.

TEN SLOTTE

Die IF het deurlopend hard gewerk om sy reputasie as 'n forum waar sake indringend bespreek kan word, gestand te doen. Voortdurende selfondersoek oor die rol van die IF op die kampus is 'n vanselfsprekende uitvloeisel hiervan.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings oor kwessies wat die Universiteit raak. In die gees hiervan rig ons 'n ope uitnodiging aan almal om kwessies wat met beleid, kultuur of beplanning aan die Universiteit te make het, onder die IF se aandag te bring vir bespreking.